

# Personeelkamer Opening

## 51. Die Plakker op jou motor

‘n Baie wetsgehoorsame man was besig om huis toe te keer en die verkeer was baie druk. Toe hy na die volgende verkeerslig aangery kom het die lig oorgeslaan geel toe, en omdat hy sy kind in die voertuig gehad het, het hy besluit om te stop eerder as om oor te jaag.

Die dame in die voertuig agter hom het dit totaal en al verloor. Sy was baie haastig en hierdie man gaan stop by ‘n geel lig. Sy het haar venster oopgedraai en op hom geskree, sy het "vingertaal" met hom gepraat en toe lê sy op haar toeter om haar ontevredenheid te verkondig.

Die volgende oomblik het ‘n polisieman by haar oop venster kom staan en haar gevra om uit die voertuig te klim. Hy het haar bestuurslisensie nagegaan en haar toe geboei en saamgeneem aanklag kantoor toe. Sy was opgesluit in die aanhoudings selle.

Na ‘n paar uur het dieselfde polisieman haar kom uithaal en haar persoonlike besittings is aan haar terug besorg.

Hy het haar om verskoning gevra vir die ongerief en haar gesê dat hy agter haar was en gesien het hoe sy skel en vingertaal praat en toe nog op die toeter gelê het.

Toe kyk hy na haar voertuig en sien ‘n plakker wat sê: "WAT SOU JESUS DOEN" en net langs dit nog ‘n plakker wat sê: ""EK IS OP PAD HEMEL TOE VOLG MY AS JY WIL SAAMGAAN". Toe dink ek dan moet hierdie beslis ‘n gesteelde motor wees want die eienaar is duidelik ‘n christen en die bestuurder is beslis nie een nie.

### **Toepassing:**

Hoe lees die wêreld jou "plakker" sê dit jy is ‘n christen of sê dit "hulle sê hulle is christene". Daar is n groot verskil.

As ons sê dat ons christene is, laat ons dan die vrugte dra wat by die bekering pas, anders maak ons van God en christenskap ‘n bespotting.